Die Verwagtinge

 Laat ons net ’n oomblik bly staan, as julle sal, terwyl ons ons hoofde buig vir gebed.

2 Ewige en Geseënde God, ons is dankbaar teenoor U vir wat ons oë gesien en ons ore gehoor het, en ons kan aansluit by die digter wat die lied daaroor geskryf het. En ons is so bly om te weet dat die Christengodsdiens nie net ’n boek van reëls is nie, maar dit is ’n ondervinding van ’n lewende, altyd-teenwoordige God.

3 Ons laat hierdie kinders in U hande, Here, en ons bid dat hulle in genade sal groei, en hulle kerke waarvandaan hulle kom, geseën sal word, en mag daar ’n herlewing in die land wees.

4 En hulle wat so dapper gestaan en U aanvaar het as hulle persoonlike Verlosser, sou ons vra dat U, Here, U rykste seëninge op hulle sou gee.

5 En aan hulle wat U aanvaar het as hulle Geneser, mag U hulle seën en mag hulle getuienis, wanneer die dokter hulle vry verklaar het, mag dit wonderlik wees. En mag dit die dokters laat bid vir hulle pasiënte en besef dat, God, U die enigste Een is wat ons kan genees.

6 En ons wil U vra om voort te gaan met ons vanaand dat U genade op ons mag wees. En ons besef dat ons teen ’n sterk vyand veg, en ons gevegte is nie vleeslik nie, maar is sterk, wat die vestings van die vyand afbring.

7 En help ons om ons harte saam te verenig vanaand, soos ons nou na U kyk om gemeenskap te hou met U rondom U geskrewe Woord. En dan, Here, mag sondaars hulle plek vind by die altaar van God in hulle hart en bekeer, en U kinders word, en dan, mag die siekes genees word, en mag daar heerlikheid in die stad wees as gevolg van U besoek aan ons. Ons vra dit, in die Naam van U Seun, Jesus. Amen.

8 Julle kan maar sit. Ek sê dit met opregtheid uit my hart: Ek’s jammer vanaand dat ek . . . hierdie is die afsluitingsaand van ons klein byeenkomsie. Ek raak net bekend met julle, net om te voel dat julle—julle deel is van ons, wat julle aan die begin is, maar dan is dit hoe dit lyk wanneer ek hier in die tuislande is, en in die buiteland, ook, dis net: “Aangename kennis? Ek is bly om julle te ontmoet. Die Here seën julle. Sien julle weer.”

9 Maar daar’s een groot ding wat ek in gedagte het soos ek reis, om hierdie wonderlike kinders van God te ontmoet, dat ons eendag sal ontmoet waar ons nooit weer sal skei nie. Daar sal nie afdelings in die Hemel wees vir sommige van God se kinders om

in *een* plek te woon, en sommige 'n *ander* nie, ek glo Sy kinders sal almal bymekaarkom; ek sien uit na daardie tyd.

10 Ons weet net nie wat dit is nie, maar ons word geleer in die Skrifte, wat die oog nie gesien het nie, of oor nie gehoor het nie, nóg het dit in die harte van die mens opgekom, wat God vir hulle voorberei het, wat Hom liefhet nie. So bo alle dinge aan julle, hê die Here Jesus lief en eer God die Vader. En glo Sy diensknegte, die predikers, julle pastore, en leer die Woord, en hou aan tydig en ontydig, en bid tot God om die verlorenes te red en die siekes te genees.

11 Onthou, Goddelike genesing kom nie net wanneer daar 'n evangelis kom nie, God is in julle kerke, Hy's in julle mense, Hy's in julle, Hy sal jou genees wanneer jy Hom glo, jy hoef nie te wag vir 'n sekere evangelis om te kom nie. God hoef nie die evangelis te hê nie, al gebruik Hy hulle, maar dis net om te roer, die gawes aan te wakker, die Geneser is altyd daar: God.

12 Vanaand is die afsluitingsdiens, en ek kan aankondig dat my goeie vriend hier, Broer Leo Mercier, wat van 'n Katoliek, Frans-Kanadese, Katolieke huis afkomstig is, hy en Mnr. Goad . . . Ek weet net nie wat Mnr. Goad se formele godsdiens was nie. En toe die diens in 'n sekere stad was, was hulle daar, en hulle het gevoel asof hierdie visioene, wonder of hulle by my huis opgedaag het, so hulle het vir hulleself 'n klein FBI-agent gevorm en afgekom om uit te vind of dit waar was of nie. Julle moet die getuienis hoor. Hulle het vriende van my geword.

13 Hierdie hier is net kleinigheid. Hulle is nou saam met my as my amptelike bandopname seuns vir boeke en bandopnames. Die bandopnames van die diens, as julle opnemers het en julle waardeer die boodskappe wat God ons gegee het, hulle het hulle op band. En ek glo hulle kan die band aan julle verkoop, met die boodskap daarop, vir goedkoper as wat julle die band kan koop, want hulle het 'n spesiale manier . . .

14 Ek het 'n bandopname gekoop van 'n sekere evangelis net onlangs en nege dollar daarvoor betaal; hulle verkoop hulle s'n vir nie meer as drie-en-'n-half of drie dollars nie. Wat? ['n Broer praat met Broer Branham—Red.] Drie dollars, een derde van die prys. Ek weet nie hoe hulle dit doen nie, maar hulle het gesê hulle sou net bloot gaan om die Boodskap by die mense te kry. Dis nie dat die kêrels geld wil hê nie, dis om die Boodskap êrens anders heen te laat versprei. "Geloof kom deur die gehoor."

15 So hulle is by die boekstalletjie, en die boeke, en die foto . . . Die foto is eintlik nie van my nie. Dis . . . Jy koop dit nie vir my nie, want dit verander selfs my uitdrukkings, en alles. Iemand het gesê: "Broer Branham, dit lyk nie eers soos jy nie." Laat Dit so naby aan jou wees, en kyk watter uitdrukking en anders dit jou maak. Sekerlik.

16 Nou, as julle oplet, hierdie is nie net 'n foto wat ons net wil, sê, om geld te maak nie, ons koop hierdie foto om dit te verkoop op dieselfde manier wat ons dit kry, omtrent drie of vier sent op die foto wat hanteer word, is al wat ons kry. Dis 'n kopiereg affêre en is in Washington, DC, as die enigste bonatuurlike Wese wat ooit bewys is om gefotografeer te word.

17 Nou, die, George J. Lacy, van die FBI, vingerafdruk en dokument, het die geval ondersoek. En hy het vir my gesê: "Mnr. Branham, ek het van jou dienste gehoor, en ek was by een of twee, en ek het gesê dit was sielkunde, dat daardie Lig nie daar was nie. Maar," het hy gesê: "Mnr. Branham, daardie meganiese oog van die kamera sal nie sielkunde afneem nie, die Lig het die lens getref." Hy het die dokument onderteken en dit oorgegee aan die Douglas Ateljees, 'n lid van die Amerikaanse Fotografiese Vereniging by Houston, Texas.

18 Nou, ek sê dit met nederigheid en met eerbied teenoor Hom Wat teenwoordig is, Dit is die Lig wat ek gesien het, Dit was die Lig wat oor my wiegie was toe ek gebore is, Dis die Lig waarvanaf daar 'n Stem gekom het en met my gepraat regdeur my lewe, wat dinge vertel het by die honderde dinge. En ondersoek enigiemand wat julle wil, van Afrika af, om die wêreld, in my eie stad, dokters, prokureurs, of wat jy ook al wil, en kyk of dit ooit een keer gefaal het om net presies te wees wat Hy gesê het dit was. Dis wat hier by die platvorm spreek, nie jou broer nie.

19 Nou, ek glo met my hele hart . . . Hoeveel weet dat daar 'n Vuurkolom was wat die kinders van Israel gevolg het, wat hulle in die wildernis gelei het? En hoeveel weet dat dit Jesus Christus was, die Christus, die Engel van die Verbond, julle leraars? En toe Hy hier op aarde was, was Hy, Dit was dieselfde God.

20 Daar's geen drie Gode nie, daar's net een God, drie ampte van dieselfde God. "Vader, Seun, en Heilige Gees," beteken nie drie Gode nie. As ons drie Gode het, is ons heidene. Sien? Soos die Jood sê: "Watter een van hulle is julle God?" Daar's geen drie Gode nie, daar's een God in drie ampte van dieselfde God: die Vaderskap, en die Seunskap, hierdie is die Heilige Gees bedeling. Sien? Dis een God. "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen," sê die Skrif.

21 En toe Hy hier op aarde was, het hulle gesê: "Jy sê jy het vir Abraham gesien, en jy's nog nie vyftig jaar oud nie?"

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK."

22 EK IS was die Een, die Vuurkolom, wat met Moses gepraat het in die brandende bos; ons is almal bewus daarvan.

23 Hy het gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe terug." Weet enige van julle leraars dit van die Skrif, Jesus dit gesê het? En dan as Hy van 'n Vuurkolom af gekom het, waarnatoe het Hy teruggekeer? Dieselfde ding waaruit Hy gekom het.

24 Julle sê: "Broer Branham, is dit eg?"

25 Ja. Handelinge, omtrent die 8ste of 9de hoofstuk, sal julle vind waar Paulus, na Jesus se opstanding, hy op sy pad was na Damaskus om die mense in die tronk te sit omdat hulle te veel geraas gemaak en versteuring veroorsaak het. En hy . . . Hulle was teen hulle, was teen hulle Ortodokse leer, en hy was 'n groot leermeester wat onder Gamaliël gesit het, die groot, Ortodokse leraar.

26 En op sy pad soontoe, was daar 'n—'n Lig wat hom getref het en hom op die grond gesit het, blind. Alle leraars weet dit, alle mense weet dit wat die Bybel lees. Hy was verblind, en hy, toe hy opgestaan het, het hy gesê . . . het daar 'n Stem gekom en gesê: "Saul," wat gevind word in Handelinge die 8ste hoofstuk: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is moeilik vir jou om teen die prikkels te skop."

En hy het gesê: "Wie is U, Here, wat ek vervolg?"

Die Stem het teruggekom en gesê: "Ek is Jesus wat jy vervolg."

27 Dan sien ons in die Skrifte dat God, nadat Hy in Christus gewoon het, weer teruggekeer het met die Naam van Jesus in dieselfde Lig wat Hy in die begin was.

28 Toe die heilige Petrus, die apostel, in die tronk was, en hulle by Markus se huis tot God gebid het om hom te verlos, ons hoor deur die Skrifte dat daar 'n Lig in die tronk ingekom het waar die apostel was, en soos die Lig hom gelei het, het die deure voor hom oopgegaan, binne- en buitedeure, uit in die straat. En hy het gedink hy het 'n droom gedroom, want die Lig was so werklik wat die deure voor hom oopgemaak het.

29 As God in onsterflikheid woon, dan kan Hy nie sterf nie, Hy is onsterflik. En Dis Hy vir Wie ons vanaand aanbid. Dit was Hy wat die belofte gemaak het: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Hy het Sy Kerk belowe dat Hy in Sy Kerk sou werk onder Sy lidmate, Sy mistieke Liggaam, geestelik gesproke, totdat Hy weer gekom het dat dieselfde dinge wat Hy gedoen het, bevestig sou word in Sy Kerk deur die gelowiges.

30 Die laaste Woorde wat ons Here gesê het soos Hy die aarde verlaat het:

Gaan in die hele wêreld in, en preek die evangelie aan elke skepsel.

Hy wat glo en gedoop word, sal gered word; . . . hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg; . . .

31 Ons kan nie Daarby voeg of Daarvan wegneem nie, ons moet glo wat God gesê het.

32 Die foto kan jy kry, en die bandopnames is by die boekstalletjie, en die boeke.

33 Dit was 'n—'n plesier om by julle te wees hierdie paar aande. Ek waardeer wel, as die verslaggewers dalk hier is, al hulle goedheid en vriendelikheid om die saak te probeer bevorder. Hulle was manne wat gekom het en 'n eerlike oog-verslag gegee het van die diens, en ek waardeer dit wel, en ek is seker dat die mense dit waardeer.

34 Partymaal is mense krities, dis omdat hulle nie weet nie. As hulle nie van beter weet nie, dan voel ons jammer vir daardie mense, dat hulle nie van beter weet nie. En dit sou 'n verskriklike ding wees om te dink, vriend: Wat as jy een van daardie mense was wat krities was oor Christus en nie geglo het nie? As jy die diens sou gevolg het en opgelet het wat sou gebeur met die mense wat mal geword het, gesterf het aan kanker, verlam gesit het, nadat die dienste verby was! Dit is nie net my woord nie, dis eg, op rekord, getekende verklarings en dokumente.

35 Ek het mense in die diens gesien wat verlam is en van die diens af gedra moet word, wat laggend en oproerig ingekom het. Ek het mense gesien wat hulle verstand verloor het, en twee dae later, gevind is op die strate, amptenare van die stad by Phoenix, Arizona, heeltemal kranksinnig, het op dieselfde manier gesterf, om genade geroep en vir iemand gevra om vir hulle te kom bid. Ons speel nie kerk nie, daardie dag is verby, ons lewe in die Kerk van die lewende God. So laat ons eerbiedig wees en respek hê vir God vir Wie ons aanbid.

36 En nou wil ek die mense bedank wat ons die ouditorium laat kry het, ons is dankbaar vir daardie voorreg, en mag die Here julle seën. En vir die polisiemanne wat elke aand hier was en baie eerbiedig en gaaf was, ek waardeer, en ek is seker 'n stad behoort beamptes van daardie soort te waardeer, en amptenare.

37 En die radioprogram en televisie, julle was so gaaf, en ek is seker hierdie stadjie sal geseënd wees vir sy pogings, al verskil baie van julle dalk van my in teologie; daar's baie Katolieke, baie verskillende denominasies. Ek praat nie kwaad van enige denominasie nie, ek probeer net mense help om Christus te ken, en hulle te help wat siek is.

38 Ek kom nie vir geld nie, ek kom vir niks, behalwe om julle te help nie, en ek het my bes probeer. En ek is dankbaar vir julle gebede dat julle vir my gebid het, God seën julle altyd. Ek hoop dat dit die wil van God is dat ek julle weer eendag hier kan sien, waar ek langer kan bly, en julle predikers, en die kerkleiers, ensovoorts, ontmoet.

39 Ek wil ook hierdie predikers bedank dat hulle ons ingebring het, ons hierdie geleentheid gegee het. En soos ek vir 'n verslaggewer gesê het vanmiddag, vir die televisie uitsending

vanaand, ons almal probeer net alles doen wat ons kan om mekaar te help.

40 Julle weet, julle kan dikwels hoor . . . In die vroeë dae, in die Bybelse dae, wanneer daar ’n wonderwerk gedoen is, was daar niks daaroor gesê nie, maar net: “Dank die Here, dit is verby,” vandag moet dit wetenskaplik bewys word, ek wonder of daar nie iets verkeerd is vandag op daardie manier nie.

41 Ek dink aan, soos in belydenisse, soos die mediese dokter, as julle sal oplet, die mediese dokter, sal baiekeer verskil van die chirurg: “Jy behoort nie operasie te doen nie, jy het medisyne nodig.” En die chirurg sal sê: “Jy het ’n operasie nodig, en nie medisyne nie.” En hulle sal meeste . . . albei sal verskil van chiropraktisyn of osteopaat, en baiekeer verskil almal van hulle van die prediker.

42 Wanneer jy dinge soos daardie vind, vriend, volgens my opinie, net soos in kerkmense, is dit ’n selfsugtige motief. As ons geïnteresseerd was in mekaar, die dokter, die chiropraktisyn, die osteopaat, wat ons weet hulle *almal* goed doen, kom ons sit ons skouers, en arms bymekaar, en gaan aan om die lewe ’n bietjie beter te probeer maak vir die mense waarby ons vertoef. As daar nie selfsugtige motief is nie, is dit die gesindheid wat ek seker is ons sou koester.

43 Nou sal ek ’n bietjie Skrif lees uit God se Ewige Woord. En dan sommer binnekort, sal ons die siekes bedien, as die Here wil.

44 Nou, môre-aand gaan ons begin by . . . Wat’s die naam? [’n Broer sê: “Pittsfield, Mass.”—Red.] Pittsfield, Massachusetts. Van daar af na Boston, dink ek. [“Everett.”] Everett. En dan verder tot in Maine, weer terug na Texas, en oor die see.

45 Nou, vanaand wil ek graag lees, uit Lukas, die 2de hoofstuk, 25ste vers:

> *En daar was ’n man in Jerusalem, met die naam van Símeon; . . . dieselfde . . . regverdig en vroom was, in afwagting van die vertroosting van Israel: en die Heilige Gees was op hom.*
>
> *En aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar, dat hy die dood nie sou sien, voordat hy die Christus van die Here gesien het nie.*
>
> *En hy het deur die Gees in die tempel gekom: en toe die ouers . . . die kindjie Jesus gebring het, om met hom te handel volgens die gebruik van die wet,*
>
> *Toe het hy hom in sy arms geneem, en God geloof, en gesê,*
>
> *Here,* laat *nou . . . u dienaar in vrede heengaan, volgens u woord:*
>
> *Omdat* my *oë u heil gesien het,*

46 Mag Hy Sy seëninge voeg by die lees van Sy Woord.

47 In alle eeue was God nooit sonder ’n getuie iewers gewees nie, in alle tye. Partymaal het dit neergekom totdat dit miskien een getuie sou wees, soos in die dae van Elía, of in die dae van Noag, maar Hy het altyd ’n getuie iewers gehad, iemand uit al die miljoene mense wat Hy kon sê: “Hierdie is My dienskneg,” en Hy kan daardie soort persoon gebruik.

48 En gedurende die tyd van die lees van die Skrif, die Joodse Ortodokse kerk, Israel, was in gevangenskap in Rome, omdat hulle nie hulle profete geglo het, wat hulle gewaarsku het dat hulle sondes hulle uiteindelik tot vernietiging sou bring nie. En hulle het hulle profete geïgnoreer, hulle wou hulle eie pad volg, hulle wou net lewe soos hulle wou, en glo net wat hulle wou glo, en die profete het hulle gewaarsku oor so ’n toestand dat hulle straf moet ontvang.

49 Nou, God verander nie, God kan nie groei in wysheid nie, die eerste Woorde wat Hy sê, moet ook die laaste Woorde wees. Ek en jy in—in ons menslike ras, elke geslag raak net ’n bietjie wyser as die vorige geslag, want dit word geleer in die Woord van God dat ons swakker en wyser sou wees.

50 Die mens lewe nie so lank soos hulle eens in hulle lewensduur gelewe het nie. Eers was dit ’n honderd-en-twintig jaar, toe is drie-maal-twintig plus tien, sewentig, die bepaalde tyd. Ons in die, ons geslag het heelwat afgekom van daar af, die gemiddelde lewe is iewers, vyf-en-dertig of veertig jaar oud, volgens die versekering, ek dink dat dit omtrent reg is.

51 En in hierdie leeftyd, as ons ’n kans het om reg en verkeerd te kies, dis terug na dieselfde ding soos dit was in Eden, ’n man en ’n vrou wat ’n keuse gegee is om reg te doen of verkeerd te doen. Hulle het twee bome voor hulle gehad, ons word in die Skrif geleer, een van hulle was die Boom van die Lewe, die ander was die Boom van Kennis, die mens het gekies om van die Boom van Kennis te eet.

52 En die eerste keer wat hy van daardie boom geëet het, het hy sy vriendskap met God verbreek, en is hy ’n sterflike wese gemaak. Van toe af, het die mens begeer om te lewe van daardie Boom van Kennis. En hy het groot dinge gedoen, maar kennis kan net so ver strek. Kennis is goed, maar wanneer jy die einde van jou kennis bereik het, glo dan van daar af aan.

53 En toe hulle die Boom van Geloof verlaat het, het hulle God verloor. Die mens ken God nie deur kennis nie, die mens ken God deur geloof, is die enigste manier wat die mens God kan ontmoet, is op grond van geloof. “As jy glo,” het ons Here Jesus gesê. Nie “As jy ’n bevel opsê of jy’s op *so-en-so* ’n wyse gedoop,” nie. Maar “As jy wel glo.”

54 Daar’s net een sonde, en dis die sonde van ongeloof. Elke persoon hier vanaand word óf besit deur geloof óf deur ongeloof.

Jou lewe bewys wat jy is deur die lewe wat jy lei en die dinge wat jy doen.

55 Jy kan nie verwag 'n duif moet middagete eet saam met 'n aasvreter nie. 'n Aasvreter is die een wat die ou aas van die aarde vreet, hulle is tevrede met enigiets; maar die duif het geen gal nie, dit kan nie daardie dinge verteer wat die aasvreter, die aasvoël sou vreet nie.

56 Daarom kan jy 'n man of 'n vrou se lewe dophou en kyk wat hulle doen, en die manier wat hulle optree, en die begeertes wat hulle het, en weet wat die natuur van die persoon is. 'n Christen kan nie die dinge van die wêreld verduur nie. Jesus het gesê: "As iemand die wêreld liefhet, of die dinge wat in die wêreld is, is die liefde van God nie eens in hom nie." En dit word plegtig gesê deur ons Here, en ons moet dit glo.

57 So, as God straf op Sodom en Gomorra moes bring vir hulle sondes, sy uitverkore volk, Israel, moes vat en hulle straf vir jare, in ballingskap onder wrede slawedrywers, omdat hulle nie die Woord van die Here wou glo wat deur inspirasie gekom het deur hulle skrywers en profete nie, en voortgeleef het soos die res van die wêreld, as God hulle laat betaal het vir hulle sonde, sal ons dit nie ontsnap nie, ons moet betaal vir ons sondes, ons ongeloof.

58 Ongeloof is 'n ellendige ding, dis verskriklik, dis dood, skadu's van dood, is ongeloof.

59 En toe het Israel, in daardie tyd, baie vername manne gehad, en Símeon was een van hierdie manne. Hy was 'n man wat geëer was onder die mense. Hy was 'n leraar en 'n meester in Israel. En God het gekies om hierdie sekere man te gebruik. En eendag terwyl hy in gebed was, het die Heilige Gees na hom toe gekom, en gesê: "Simeon, jy sal nie die dood sien voor jy die Christus gesien het nie."

60 Kan julle julle die gesindheid van die mense voorstel toe hierdie man van oor die tagtig jaar oud, 'n ou, wyse leermeester, priester van Israel, uitgekom en gesê het: "Ek het 'n visioen gesien, en die Heilige Gees het vir my gesê ek sal nie die dood sien voor ek die Christus sien nie"?

61 As daar ooit 'n tyd was wat hulle nie gesoek het na die Christus nie, was dit in daardie dag. Hulle het gesoek na die Christus vanaf die dag van Eden, vandat die belofte gegee is: "Die vrou se saad sal die slang se kop vermorsel."

62 Dawid, Samuel, al die profete het uitgekyk, en geprofeteer, en gewag vir die Messias, en hier het 'n man, tagtig jaar oud, reg op die tyd van die minste afwagting, daardie stelling gemaak dat "Ek het die Engel van die Here gesien, en Hy het vir my gesê dat ek nie sal sterf voordat ek die Christus gesien het nie."

63 O, ek kan my voorstel sy mede-priesters het gesê: "Die ou man het aan die diep kant afgegaan, of miskien het hy sy

verstand verloor." En sou vir die res van die priesters sê: "Moenie na hierdie sekere kêrel luister nie, want Hy is mal. Los hom net uit sodat hy homself verklaar aan alle mense dat hy mal is. Ons weet dat Engele nie aan mense verskyn in hierdie dae nie, ons weet dat daardie dinge nie gebeur nie, hulle het nie vir jare, sedert die dae van die profete en van Moses nie."

64 Maar die ou priester het geweet waarvan hy praat, dit was aan hom geopenbaar deur die Heilige Gees en hy het vasgehou aan sy getuienis. En hy was nie skaam om die res te vertel nie: "Ek sal die dood nie sien voordat ek die Christus gesien het nie." Hy het 'n goeie rede gehad, omdat dit aan hom geopenbaar is deur die Heilige Gees.

65 Nou, daar is nie twee Heilige Geeste nie, daar is net een Heilige Gees, en as die Heilige Gees in kerke is wat mense lei, sal Hy hulle almal dieselfde lei. En dan sou jy weet of jou kerk reg was of nie, sal dit vergelyk met die leiding van die Heilige Gees in die begin, soos Hy het in die eerste plek.

66 Nou, ons let op hierdie man met hierdie stelling, en die mense wat almal vir hom lag. En daar was nog nooit 'n eeu nie, ondersoek die geskiedenisse, ondersoek die Skrifte, daar was nooit 'n eeu of 'n persoon wat God ooit geroep het, wat nie bespot is deur die wêreld nie. Vind die Skrifte, neem die Here Jesus, neem die profete, neem die heiliges, en vind uit of daar al ooit so-iets was, nog nooit in die hele wêreld se geskiedenis nie.

67 Die wêreld het gewys wat dit was toe hulle gesê het: "Gee ons Barábbas, en weg met Jesus." En wat was dit wat dit gesê het? Die kerk, nie die buitewêreld nie, die kerk het dit gesê. "Ons wil nie vir Jesus hê nie, ons wil liewer 'n moordenaar hê." Dit het homself toe goed uitgedruk, en dit doen nog steeds.

68 Maar die ware gelowige sê: "Ek wil Jesus hê, ons wil Hom graag hê."

69 Nou, ons vind uit dat . . . Kom ons gee dit 'n drama, hulle het 'n paar kindertjies, en laat ons dit net eenvoudig maak sodat die kleintjies kan verstaan, hulle sal die geslag van môre wees as daar een is.

70 Laat ons oplet, ons sou sê dat Simeon, dit was op 'n Maandagoggend, daar was 'n groot dag op die sabbat, en nou is dit op Maandagoggend en Simeon is in sy studeerkamer, en bestudeer die Woord van God. Kom ons sê hy het gekyk na die Boekrol van Jesaja, en hy kom by die—die 9de hoofstuk en die 6de vers, en Dit sê hierdie:

> . . . *vir ons is 'n kind gebore, vir ons is 'n seun gegee: en die heerskappy is op sy skouer: en sy naam sal genoem word . . . , Raadsman,* Vredevors, Die sterke God, en Die ewige Vader.

71 En soos hy die Skrifte gelees het, op daardie selfde tyd het Maria en Josef in die tempel ingestap, die Christus Kind gedra. Want dit was 'n wet dat elke agt dae nadat 'n kind gebore is, dat 'n moeder na die tempel moes kom en 'n offer vir haar reiniging moes offer, en die besnydenis van die kind, as dit 'n manlike is. En Maria stap in met die Kind.

72 Israel was omtrent driemiljoen in daardie dae in Palestina. Hoeveel kinders sou gebore word in die bestek van vier-en-twintig uur met soveel mense? Daar is honderde kindertjies gebore. En die moeders sou oplyn om hulle kinders te laat besny, en offer vir reiniging van die moeder. En die offerande was óf 'n—'n lammetjie, die ryk mense kon dit bekostig, en die arme, armoediges was twee tortelduiwe.

73 En hier staan die Christus dan, hier is die Christus in die tempel vir die eerste keer in die hele geskiedenis in 'n vorm van vlees, as 'n babatjie op Maria se arm. En soos die moeders hulle ry gehad het, hulle beurt afgewag het soos hulle ingegaan het na die priester, het hulle gewag.

74 Nou, as God vir Simeon gesê het dat hy nie sou sterf voordat hy die Christus gesien het nie, dan hang dit van God af om Símeon te laat weet dat Christus by die tempel is; want die Heilige Gees gee die belofte, dit hang van die Heilige Gees af om daardie belofte waar te hou. En hier was Hy vir die eerste keer.

75 Nou, in 'n denkbeeldige gemoed, soos Simeon die Skrif lees, meteens het die Heilige Gees met hom gepraat en gesê: "Simeon, staan op jou voete." Hy lê die Boekrol neer, hy het nie geweet presies watter kant toe om te gaan nie, maar die Bybel het gesê dat seuns van God gelei word deur die Gees van God. Dit is nie nodig om te weet waarheen jy gaan nie, net solank jy gelei word deur Sy Gees.

76 En hier is die Christus in die tempel. Simeon stap by die deur uit, hy weet net nie watter kant toe om te gaan nie, maar daar is Iets in hom wat hom lei, wat die Heilige Gees is wat vir hom die belofte gegee het. "Wanneer die diepte roep na die diepte!" Simeon het die Heilige Gees geglo, maak nie saak wat die mense gesê het nie, hy het Dit geglo.

77 En as daar 'n honger *hierbinne* is vir iets, moet daar eers Iets wees om te reageer op daardie honger, of jy sou nie die honger gehad het nie. Mag ek dit sê: Voor daar 'n vin op 'n vis se rug was, was daar eers water vir hom om in te swem, of hy sou geen vin gehad het nie; alles is vir 'n doel. Voor daar 'n boom was om in die aarde te groei, moet daar eers 'n aarde wees daarvoor om in te groei, of daar sou geen boom gewees het nie. Met ander woorde, dis wat ek sê: Voor daar 'n skepping kan wees, moet daar 'n Skepper wees.

78 Nou, 'n tyd gelede het ek in 'n koerant gelees waar daar 'n klein seuntjie by die skool uitveërs van sy potlode afgeëet het, en

sy moeder was ontsteld daaroor. En toe, een middag, tot haar verbasing, vind sy die seuntjie wat op die agterstoep sit, die pedaal van ’n fiets afeet, sy was vreemd ontsteld.

79 Sy het die kêreltjie vinnig gereed gekry en hom na die kliniek toe geneem. Terwyl die dokters sy bloed ondersoek het en—en hom ’n deeglike fisiese ondersoek gegee het, het hulle uitgevind dat sy bloedjie swael nodig gehad het. Nou, die swael word in rubber gevind. Julle sien, voor hy na swael kon smag, moes daar eers ’n swael wees om te reageer op daardie begeerte, of hy sou nooit die begeerte gehad het nie.

80 En solank as mans en vroue, Protestant, en Katoliek, Jood, of wat hulle ook al mag wees, solank daar iets in hulle hart is wat uitroep vir genesing van God, moet daar ’n plek wees waar hulle kan gaan en daardie genesing vind, of daar moet ’n Skepper wees om daardie begeerte te skep voor daar ’n begeerte kon wees.

81 Baie Katolieke mense gaan na die heiligdom toe, ek vergeet die naam daarvan, ek was daar, by Parys, ek was by Notre Dame waar dat die—die suster wat begrawe is waar hulle die klip van haar kop vryf vir genesing, bid tot haar om hulle genesings te gee.

82 En die mense van alle godsdienste het skynbaar iets in hulle wat uitroep na Iemand Wat hulle geskape het om hulle te help in ’n tyd van probleme. Toe ons na Amerika toe gekom het, toe, by Plymouth Rock, het ons voorvaders die Indiane die son of iets sien aanbid. Daar is iets in ’n man wat vir hom sê dat daar iewers ’n God is.

83 Ver agter in die oerwoude in Afrika in die Hottentotte, vind jy hulle met afgode, besprinkel met bloed, afskuwelike ondiere, hulle weet daar’s Iets iewers. En solank daar iets in ’n man se hart is wat uitroep na God, moet daar ’n God wees om op daardie roep te reageer. As daar ’n honger is vir Goddelike genesing. . . Die einste rede waarom julle hier sit vanaand, miskien het die dokters julle opgegee. . . As ek nog nooit die Skrif gelees het nie, sou iets vir my sê dat daar ’n Fontein iewers oop is.

84 En as jy net kom om te kom, en jy het verwag toe jy hier gekom het dat jy iets sou kry om te kritiseer, sal Satan dit vir jou wys. Jy kry altyd wat jy verwag, God het dit belowe. As jy kom om goed te vind, as jy kom om Christus te ken, en om—om Hom te sien, en om met Hom te praat oor jou siekte of jou siel, sal God toesien dat jy Hom vind. Jy kry wat jy verwag, altyd, en dit hang af van wat jy verwag om te vind.

85 Nou, Simeon het verwag om die Christus Kind te vind, want die belofte is gemaak. En die eerste trekkie wat in sy hart ingekom het, wat gevoel het soos dieselfde een wat eerste keer met hom gepraat het, het hy opgestaan, het die Skrif gesê, en is gelei deur die Gees, dieselfde Gees wat die belofte gegee het.

86 Nou, as die Heilige Gees nie verander nie, en Hy het die belofte van Goddelike genesing vir alle eeue in Sy Woord gegee, wat was dit wat jou na hierdie plek toe gebring het vanaand? God het 'n verpligting teenoor Sy Woord, en as Hy pligsgebonde is aan Sy Woord, en jy glo dat Hy 'n Geneser is, is Hy verplig om jou na daardie Fontein toe te bring waar daar genesing is. As jy dors na water, moet daar water wees om iewers te drink, of jy sal nooit dors nie. Dis hoekom jy hier is vanaand.

87 Kom ons kyk wat Simeon gedoen het. Nou, jy sou nie hier hoef te wees nie, jy sou by jou altaar in jou eie kerk kon wees, in jou eie huis, jy by jou altaar kan wees, of iewers waar jy jou altaar sal maak, sal God jou ontmoet waar jy Hom wil ontmoet. Maar julle het gehoor dat ander genees word, so daarom kom kyk julle, ek vertrou dat julle het. As jy nie het nie, mag God jou sondige siel genadig wees, want jy neem net die sitplek van iemand wat opreg sou gekom het.

88 Let op, dan as jy gelei is deur die Heilige Gees, is dit dieselfde Heilige Gees wat die belofte in die Bybel gemaak het, wat jou hiernatoe gebring het. Kyk hoe Hy gemaak het: Toe die Heilige Gees met sy hart gepraat het, het hy opgestaan sonder om te weet wat hy gaan doen, dis deur geloof, hy het na die tempel toe geloop buite in die buitenste voorhof in, en hy het opgelet die vroue het opgelyn, toe het die Gees hom begin lei, hy gaan na die vroue toe, begin afgaan met die vroue.

89 Kyk, daar's 'n dogtertjie nie ouer as agtien jaar nie, en sy staan met 'n Baba in haar arms, en die res van die vroue hou hulle afstand van haar af, omdat sy 'n slegte naam gehad het, die Kind is buite die heilige huwelik gebore, so het die wêreld gesê, so het die kerk gesê.

90 Maria moes moeder word voordat Josef met haar getrou het. En die Kind, die vroue saam, die ryk vroue, hulle het hulle babatjies in deftige naaldwerk van pienk en blou, met lammetjies om te offer vir hulle reiniging, maar hierdie dametjie, armoedig geklee, van 'n armoedige se huis, wat staan met 'n Babatjie in haar arm, toegedraai in doeke . . .

91 As ek sweetdoeke reg verstaan, so hulle het my daar vertel, was dit die, waar hulle dit gekry het, was van die juk van 'n os af wat geploeg het, wat in die stal gehang het waar Christus gebore is. En hulle het hierdie sweetdoek geneem en Hom daarin toegedraai, sê die Skrif.

92 En die vroue, hou almal hulle afstand want hulle het gesê: "Hierdie sekere persoon, hierdie baba is buite die eg gebore, en ons sal niks daarmee te doen hê nie. Ons sal nie hou ons . . . Ons sal ons afstand daarvan hou."

93 O God, wees ons sondige, goddelose geeste en siele genadig, wanneer ons die afstand tussen ons, en God en waarheid en liefde en krag sal probeer hou! Wat 'n sondige, goddelose ding is dit!

94 En hulle het hulle afstand gehou. En toe, hier kom hierdie ou priester wat as 'n fanatikus bestempel is, omdat hy gesê het hy het 'n Engel gesien, en Hy het vir hom gesê hy gaan nie sterf voor hy die Christus gevind het nie.

95 Wat dink julle het daardie Ortodokse kerk, wat daar gestaan het by die tiene van duisende, die grootste kerk in die wêreld, al hulle geleerdes, en priesters, ensovoorts, wat daar staan, en hier kom hierdie ou fanatikus, soos hulle hom wou noem, uitkom, nie geweet waarheen hy gaan nie, gelei deur die Gees reg af in daardie lyn, en reguit na daardie klein maagd toe gekom en gestop, en daardie verslete, klein Kindjie geneem, wat hulle gedink het buite-egtelik was, Dit opgetel in sy arms, met die trane wat teen sy wange afloop, en gesê het: "Here, laat U dienskneg in vrede gaan, volgens U Woorde, want my oë het U Verlossing gesien"?

96 Dink julle die kerk het dit geglo? Nee, meneer. Eerste ding was dit 'n fanatikus, 'n priester wat gesê het hy het 'n Engel gesien. Die volgende ding, kyk waaruit Dit was, die armste van armes. Wel, hulle kon dit nie glo nie! En hulle glo dit nie vandag nie. Mense verander nie, en God verander nie. God neem sy man, nooit Sy Gees nie; die duiwel neem sy man, nooit sy gees nie.

97 Wat as jy daardie priesters se plek in die hel moes inneem vanaand? Daar sou nie genoeg gebede in die hele Ewigheid wees om jou te red nie, jy sou Ewiglik weg wees, omdat jy geweier het.

98 Jy sê: "Ek wens dat ek in daardie dag sou gelewe het."

99 Jy sou dieselfde gesindheid neem.

100 Nou let dan op, terwyl hy daar gestaan het en God geseën het vir die Kind, en om hom as 'n fanatikus bestempel te laat word, en sonder twyfel het die spottende mense gesê: "Nou, dit wys net . . . Kyk na daardie vrou, daar is sy met hierdie baba buite die heilige eg, en hier kom sy in, en daar staan daardie ou eksentriek wat al die priesters vir ons gesê het om nie na te luister nie, en hier kom daardie ou malle aan, en wonder nou wat hulle daaraan sal doen."

101 O, maar Maria, in haar hart het sy geweet aan Wie daardie Kind behoort het. En so ook die ware gelowige vanaand wat gebore is uit die Gees van God, jy mag fanatikus genoem word of wat dit ook al mag wees, maar in jou hart weet jy Wie jou Vader is as jy gebore is uit die Gees van God. Julle onthou toe daardie geboorte plaasgevind het, en julle weet daardie heilige grond aan die agterkant van die woestyn, elke gelowige moet.

102 En daar was hulle. En nou, daar was een in die tempel met die naam van Anna, sy was 'n profetes, sy was blind vir baie jare, sê die Bybel vir ons. Sy het sewe jaar saam met 'n man gelewe, van haar maagdelikheid, maar sy was omtrent vier-en-tagtig jaar oud, sê die Skrif, omtrent vier-maal-twintig plus vier, reken ek, wat vier-en-tagtig sou wees. En sy sit oorkant in die hoek, sy het

die tempel nie dag of nag verlaat nie, maar sy het in die tempel gebly, God gedien met vas en bid.

103 En sy het ook gesoek na die koms van Christus, en die Heilige Gees was op haar, nou, as sy Daarvoor gewag het, hier is Dit in die tempel. En sy het opgestaan, blind, en hier kom hierdie profetes, Anna, in die tempel, blind, wat haar weg vind deur die mense, aan een raak: "Verskoon my. Verskoon my." Hulle het gesien sy was blind. Sy, gelei deur die Gees, blind, totdat sy in die Teenwoordigheid van hierdie kritieke skouspel gestaan het, soos die kerk dit genoem het, vir 'n vrou wat 'n Kind gehad het, soos hulle gedink het, buite die heilige huwelik, en 'n fanatiese priester wat gesê het hy het Engele en visioene gesien, en hierdie ou, blinde vrou, gelei deur die Gees, beweeg haar pad deur daardie duisende mense en staan langs die Kind, en het God geseën en oor Hom geprofeteer.

104 As God 'n blinde vrou kan lei! Dis baie erger om geestelik blind te wees as wat dit fisies blind is. As ek enige sig moet verloor, laat dit my fisiese sig wees, laat my God geestelik aanraak.

105 En die God wat hulle daardie dag gelei het, het nie verander nie, Hy is dieselfde God vanaand. Maar die probleem daarmee is dat mense kyk na wat iemand anders gaan sê, wat Johannes gaan sê.

106 Wat as Koning George, toe ek vir hom gebid het met daardie veelvuldige sklerose, wat as hy sou afgaan en een van die Anglikaanse predikers vra? Wat sou gebeur het? Hy sou dit nie geglo het nie.

107 Wat as Florence Nightingale sou, die skaduwee van 'n vrou . . .? Die kleindogter van die groot Florence Nightingale, die stigter van die Rooi Kruis; daar's haar foto in die boek, het omtrent vier-en-sestig pond geweeg, sterwend aan kanker. En toe ek na Engeland toe gevlieg het om vir haar te bid, en terwyl ek gebid het, het daar 'n duifie gekom en op die venster gaan sit en koer, terwyl ons gebid het, en toe weggevlieg.

108 En die vrou is volkome gesond, weeg omtrent honderd-en-sewentig pond. Wat as sy sou oorweeg wat die mense gesê het? Maar sy is gelei deur die Gees. Moenie kyk na wat enigiemand sê nie, kyk na wat God sê, en word gelei deur Sy Gees.

109 Eenmaal was daar 'n jong musikant wat in al die musiek ingelei is, wat hy geweet het hoe om in opgelei te word, want hy wou dit bemeester. En daar was 'n groot konsert, en hierdie jong kêrel moes speel. En nadat hy klaar was met sy meester wat speel, o, hy was wonderlik, en al die mense het op hulle voete begin staan en die jong man applous gegee deur hulle hande te klap, en geskree, en fluit, maar hulle het opgelet die jong man het nie eens enige notisie geneem nie, hy het sy oë na bo gehou.

110 En hoe meer hulle sy aandag probeer trek het deur hulle krete en applous, het hy stiptelik na die bokant van die balkon gekyk. En die gehoor was verbaas om te sien hy aanvaar nie, of buig voor hulle—hulle applous nie. En hulle het omgedraai om te sien, en bo in die balkon was die ou, meester leermeester, hy het opgekyk om te sien wat die ou meester gesê het, en het nie opgelet wat die mense om hom gesê het nie. As ons net dieselfde sou doen! As ons sou opkyk en sien wat die Meester sê, en nie oplet wat mense sê nie!

111 John Sprawl, wat genees is van 'n keel wat nie kon praat nie, wat die volk onstel het deur die tydskrifte, ek het 'n tyd gelede met hom gepraat, en hy het gesê: "Ek was in Parys, en ek het die toer geneem om die godsdienstige besienswaardighede te sien, ensovoorts, en ek het in 'n sekere tuin ingekom," en hy het gesê: "daar was 'n standbeeld van Christus," en gesê: "ek het daarna gekyk," en gesê: "my vrou het daarna gekyk, en ons het dit in ons hart gekritiseer, want dit het nie enige, werklikheid gehad om daarna te kyk wat sou lyk soos die lyding van Christus nie."

112 En gesê: "Die gids het na my toe gekom, en hy het gesê: 'Meneer, jy maak waarskynlik net soos al die res van die toeriste wat hiernatoe kom: Julle wonder hoekom die beeldhouer ooit daardie standbeeld soos daardie gemaak het?'"

Hy het gesê: "Ja, meneer, ek het."

Hy het gesê: "Kom hier, net 'n oomblik." Hy het gesê: "Jy sien daar is 'n—'n knielende reling onder die standbeeld."

Gesê: "Ja, meneer."

Gesê: "Dis 'n altaar." Gesê: "Nou, kom julle nou hiernatoe en kniel op jou knieë." En hy het. Gesê: "Kyk nou op."

113 En toe hy opgekyk het, het hy gesê sy hart het hom amper gefaal, want die—die—die lyding van Christus is gesien in die beeldhouers se werk. [Leë kol op band—Red.] En hy het gesê: "Meneer, sien jy, die beeldhouer het in gedagte gehad dat Christus voor gekniel en na opgekyk word. Dis hoe hy dit gemaak het, nie om op te staan nie, jy sal kritiseer, maar as jy sal afgaan en opkyk daarna, dan sal jy die volle doel sien."

114 En voor jy die Heilige Gees en God se Woord kritiseer, Dit is nie gemaak om gekritiseer te word nie, ook was die Heilige Gees nie, kniel op jou knieë en kyk op Daarna, en jy sal anders dink, en God sal jou seën.

Sal ons bid.

115 Goddelike Here Wat weer die Here Jesus U Seun uit die dood gebring het, en Hom aan ons gegee het as 'n gedenkteken van U liefde en genade aan ons, en ons deel vanaand gesamentlik hierdie gemeenskap rondom Sy seëninge, ons sou vra dat U na ons toe sou kom vanaand op die manier wat U het toe U hier op aarde was in 'n fisiese liggaam, en vanaand werk in U mistieke

Liggaam, die Kerk, en die dinge doen wat U gedoen het toe U hier op aarde was, sodat wanneer die groot Oordeel kom, en elke man en vrou, seun en meisie hierbinne by daardie Oordeel moet staan, en miskien voor die oggend, ons weet nie, Here, daar mag vanaand 'n ongeluk wees iewers op die pad, en die bloed wat uitstort, en die mense wat uitroep om genade, dit sou te laat wees, God, mag ons nou kniel en opkyk na U en sê: "Here God, wees ons genadig."

116 En vergewe ons ons ongeloof en ons vertwyfelings, en laat ons U Seun ontvang as ons Verlosser en ons Geneser. En skenk vanaand, Here, soos U kerk ditself oorgee aan U Gees, en U dienskneg, skenk Here, dat daar die verskyning sal wees van die groot tekens van die herrese Christus, soos ons dierbare broer aan die gehoor verduidelik het in die vorige deel van die diens. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

117 Ek wonder vanaand, terwyl ons net reguit na mekaar kyk, sou daar iemand hier wees wat nie 'n Christen is nie, net jou hand wil opsteek en sê: "Prediker, bid vir my, ek's nie 'n Christen nie, ek wil graag wees"? Sal julle dit doen? Die Here seën julle. Die Here seën julle, regoor die gehoor. God wees julle genadig.

118 Nou ek het my prediking voltooi oor die onderwerp van: *Die Verwagtinge*. Wat het jy vanaand verwag?

119 Die Skrif sê Christus het opgestaan uit die dood, en omdat Hy opgestaan het, bly Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

120 Hoeveel was hier by die vorige dienste en het die werking van die Heilige Gees gesien? Sal jy net jou hand opsteek, sodat jy . . . ? Dankie. Hoeveel is hier vir julle eerste keer? Sal julle julle hande opsteek, en net sê: "Ek's hier vir my eerste keer"? Ek is baie bly om julle hier te hê vanaand.

121 Nou ek sê dit voor ek vir die siekes begin bid: As daar, per toeval, iemand sou wees, een of ander persoon, wat krities is, ek moet dit sê volgens die wet: Ek is nie verantwoordelik vir wat met hulle gebeur van hierdie punt af nie. Sien? Nou, as julle hier is en julle wil nie eerbiedig wees nie, vra ek julle nou, wanneer ons hierdie lied sing en die gebedsry roep, julle mag verdaag word. As julle kan bly en eerbiedig en ordentlik wees, dan sal ons verantwoordelik wees daarvoor in die verdere deel van die diens. Die Here seën julle.

122 Nou, ons roep gebedskaarte. Ek glo die eerste aand het ons mense geroep wat kaarte gehad het . . . Hulle tel hulle sodat almal nie op een slag na die platvorm sal hardloop nie. Dis nie nou 'n arena nie, dis 'n ontmoetingsplek van Christene, wat die Kerk genoem word, Sy mistieke Liggaam wat bymekaarkom. Nou, as . . . Ek glo die eerste aand wat ons die eerste deel geneem het, het my seun 'n honderd kaarte hierbuite gegee. En gisteraand, het ons net vir die mense gebid sonder die kaartjies, net uit die gehoor, ek dink dis reg.

123 So dan vanaand, laat ons roep van die laaste deel van die kaarte, sou sê, ek glo dis T, soos 'n kruis, draai jou kaartjie om, en laat ons, sê, die laaste groep van hulle neem, sê van vyf-en-tagtig tot eenhonderd en laat hulle net, as hulle kan staan, as hulle nie kan nie, sal ons hulle na die platvorm toe dra.

124 En dan, gaan ons nou sing, as die pianiste vir ons sal gee, saggies:

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser;
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
En laat my van vandag
Net Uwe wees!

125 Ek wil eers vra: Wie het gebedskaartjie vyf-en-tagtig? Sal jy jou hand opsteek? Die dame. Ses-en-tagtig. Sal jy reguit hiernatoe kom, dame, as jy kan loop? Ses-en-tagtig. Die man, net hier, meneer. Sewe-en-tagtig. Reg hier oorkant, meneer. Agt-en-tagtig. Nou, as julle nie kan loop nie, beweeg julle hande soos *hierdie*, en die plekaanwysers sal julle kry. Vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, sewe-en-tagtig, agt-en-tagtig. [Leë kol op band—Red.]

126 Hierdie dinge word nie in 'n hoek gedoen nie. Ek het... Gisteraand, hoeveel hierbinne het my gesien sê dat ek omtrent heeldag in gebed op die berg was, want die vyand het 'n lokval gestel? Maar God sal met daardie vyand handel. Sien, dis voorspel voor dit gebeur, dan weet jy dat dit waar was.

127 Ek veronderstel, dame, dat ek en jy vreemdelinge vir mekaar is. Ons is. Nou, hierdie is 'n toneel voor julle oë soos die Skrif, Johannes 4. Die dame, ek het nog nooit gesien, iemand het vir haar 'n gebedskaartjie gegee, het 'n nommer daarop gehad, haar nommer is net lukraak geroep, en hier staan sy. En aan albei van ons, voor die God van die Hemel, ons het nog nooit tevore ontmoet sover ek weet nie. Ek ken nie die dame nie, sy ken my nie. En dan, dit is hoe dit was in Johannes, die 4de hoofstuk van die Evangelie, dat daar 'n Man en vrou vir hulle eerste keer ontmoet het. En Jesus het vir die vrou gesê waar haar probleem was, en sy het geglo Hy is die Messias, en het vir ander mense gesê: "Is dit nie die teken van die Messias nie?"

128 As Hy dieselfde bly vanaand as wat Hy toe was, sal dit voortgaan om die teken van die Messias te wees. Dis...En Hy het belowe Hy sou dit doen net voor die wêreld se vernietiging; ons lewe in daardie uur, ons is gemerk.

129 In die foto wat 'n oomblik gelede hier gelê het (['n Broer vra: "Wil jy dit hê?"—Red.] Nee.), het jy 'n Lig daarop gesien, en daardie Lig waarop ek aanspraak maak om die Gees van God te wees, een van die Geeste van God, 'n Engel wat van Hom af weggegaan het.

130 En voor Hom Wie ons staan, jy is bewus dat dit wat in die teenwoordigheid van 'n man staan, jou nie sou laat voel soos jy nou is nie, daar is iets aan die gang. Dit is reg.

131 En ek wil jou vra, voor die gehoor, wees jy die beoordelaar as—as ek sou raai en sê jy's siek en iets is verkeerd met jou, wat ek nie weet nie, maar jy mag sê: "Die broer het dit geraai." Maar as Hy jou iets vertel wat jy weet, iets wat soos Hy in die Bybel gedoen het, en soos Hy het met die vrou by die put, of iets waarvan jy weet waarvan ek niks weet nie, en Hy sal dit doen, dan weet jy dat daar Iets hier teenwoordig is wat jou ken; ek nie. Sou jy glo dat dit die—die Gees van God is? Jy sou.

132 Sou die gehoor dieselfde glo? Mag Hy dit skenk. Nou, as die gehoor nog steeds my stem kan hoor, die dame ly aan 'n uiterste senuweetoestand. Dit is reg. As dit reg is, steek jou hand op.

133 Glo jy dat dit die Gees van God was wat dit gesê het? Sou jy dink dat ek dit net geraai het? As jy sou, net sodat jy anders sou weet, die Heilige Gees nou laat praat. En laat ons . . . As God God is, bly Hy God.

134 Ek weet nie wat vir jou gesê is nie, dame, Dit was nie ek wat gepraat het nie, dit was my stem, maar ek het dit nie gebruik nie. Net soos *hierdie* hier, dis stom tensy iets daardeur praat. Ek sal stom wees in hierdie situasie, want ek ken jou nie, maar miskien sal Hy vir ons iets anders vertel. Maar wat Hy ook al gesê het, was die waarheid. Ek praat met jou as man en vrou, soos ons Here gepraat het met die vrou by die put, net om te sien wat Vader sal sê, want Hy het gesê: "Ek doen niks, totdat die Vader My wys nie."

135 Ja, ek sien die dame in haar huis, sy's baie senuweeagtig, ontsteld oor iets, sy laat dinge so dikwels val, en dis, wat dit veroorsaak het, is die tyd van die lewe wat hier is waarin sy nou lewe, die tyd van die menopouse wat na haar toe gekom het. Nog iets, ek sien sy het suikersiekte. Dit is waar. Jy's nie van hierdie stad nie, jy het van 'n ander stad af gekom, daardie stad word Richford, Vermont genoem. En jou naam is Mev. John Jones. Dis SO SPREEK DIE HERE. Gaan terug huis toe, want God het jou genees deur jou geloof. Gaan en word gesond. Die Here seën jou, suster.

136 Glo jy? Besef jy dat jy in die Teenwoordigheid van die Almagtige God is, vriend? Met hierdie Bybel, wat Sy Woord is, moenie meer twyfel nie, hê geloof.

137 Meneer, ons is vreemdelinge vir mekaar. Die God van die Hemel sal . . . ons sal ontmoet en God sal ons eendag oordeel. Ek het geen manier om jou te ken nie, meneer, jy's 'n vreemdeling vir my, maar as die God van die Hemel vir my sal sê waarvoor jy hier is, meneer (Ek glo jy kom in opregtheid. [Die broer sê: "Ek glo jy's 'n profeet."—Red.] Ja.), sal jy dit aanvaar as die Seun van God Wat dit belowe het? ["Ja, ek sal."]

138 Jesus bly dieselfde, Wat Natánael ontmoet het . . . twee mans het ontmoet. Ek probeer die Skrifte aanhaal van elke geval, sodat die mense kan sien dis ooreenstemmig, en weet dat dit nie ek, 'n man is nie, ek het niks daarmee te doen nie, meneer.

139 Jy ly, ook, aan 'n uiterste senuweetoestand, en jy het so senuweeagtig geraak, dat dit jou hart gepla het, jy het hartprobleme. Dis reg. Ja, meneer. Fladder en spring, jy kan nie slaap nie, ek sien jou opstaan in die aande en jou asem probeer kry. Dis die waarheid, meneer. Nie net dit nie, maar jy glo dat ek die—die dienskneg van Christus is, laat ek vir julle sê, sodat julle my meer sal glo: Jy het iemand met jou in jou hart waarvoor jy gebed wil hê, dis jou moeder. Sy het komplikasies, het sy nie? Jy het baie goeie geloof. Dis reg. Jy's 'n Katoliek om mee te begin, jy's 'n Katoliek, ek sien jou met 'n rosekrans, so dit kan nie weggesteek word nie, jy's 'n Katoliek, dis heeltemal in orde. Jou geloof maak jou gesond, meneer. Glo jy dit? Keer terug en prys die God van die Hemel vir jou genesing. God seën jou. God seën jou. God van die Hemel seën jou, my broer. [Die broer praat met Broer Branham—Red.] Op enige manier wat jy wil, meneer.

(Sal iemand hiernatoe kom, asseblief, en, hiernatoe en van die ander kant af kyk.)

140 Glo jy? Hê nou net geloof, moenie twyfel nie, hê geloof.

141 Jong paartjie, stop dit, of gaan uit die gebou uit! Maak soos jy wil, die God van die Hemel sal julle vervloek.

142 Ek ken jou nie. Eendag sal ons in die Oordeel staan.

143 Dit het gebeur dat 'n seën gekom het na die dame met 'n bril daarop met die bruin jas aan, wat daar ly aan hartprobleme wat net hier sit, rondkyk. Glo jy die Here God sal jou gesond maak, my suster? Jy kan kry waarvoor jy gevra het as jy dit glo. Moenie twyfel nie.

144 Hê nou net geloof, bid, glo.

145 Julle probeer glo, wat daar op die punt van die sitplek sit, jy loop met 'n kierie, dis omdat deel van jou voet afgehaal is. Dit is waar. Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie, maar dis die waarheid. Steek jou hand op as dit waar is. As jy God sal glo met jou hele hart, kan jy uitgaan sonder jou kierie as ondersteuning.

146 Wat het sy aangeraak, wat daar gesit het? Wat het gebeur? Wat was Dit wat die jong paartjie bestraf het, en die bejaarde vrou geseën het?

147 Nou, jong man, gaan jy na my luister? Jong dame, jy meng in met die Heilige Gees; ek waarsku julle voor dit gebeur. Julle moet jullr óf gedra, óf die plekaanwyser sal kom en kyk dat julle kan uitgaan, óf die polisie, een, daaragter. Nou, julle is in 'n godsdienstige diens, wat twee jaar is om dit te versteur. Nou gedra julle.

148 Nie op hierdie tyd nie, Offisier.

149 Glo jy God sal daardie maagprobleem vir jou genees? Glo jy Hy sal? Wat dink jy van die seun? Dink jy hy sou uit daardie verlamde toestand kom? Hy's in 'n hospitaal. Dis waar, meneer. Jy het 'n vrou by jou vir wie jy bid. As God vir my sal sê wat die probleem is met jou vrou, sal jy genesing vir haar aanvaar? Sy het probleme met haar kop en hoë bloeddruk. Dit is waar, meneer. Is dit alles waar? Gaan nou en vind dit net soos jy geglo het, en God sy met jou.

150 Jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir 'n vriend, damesvriend, wat veelvuldige sklerose het. Dit is waar. Ek kan haar nie genees nie, maar glo jy dat God haar sal genees? Gaan glo dit dan met jou hele hart, jy kan ontvang waarvoor jy gevra het.

151 Aangename kennis?

152 Ek haat dit om dit te doen.

153 Glo jy dat God jou oor sal genees, jou gesond sal maak? Glo jy Hy ken die gedagtes van jou hart? Jy bid vir iemand anders, dis jou moeder en vader. Een het artritis, die ander een het hartprobleme en iets verkeerd met haar voet. Dit is waar. Glo jy? Gaan vind dit soos jy dit geglo het, dit sal wees net soos jy dit geglo het. Die God van die Hemel seën jou.

154 'n Senuweeagtige hart, God kan hartprobleme genees. Daar's baie daarbuite, wat ly aan dieselfde ding.

155 Daar is die Engel van Lig, Gees van God. Die man wat hier op die punt van die ry sit hier reg agter, jy het sinusprobleme, die bejaarde man, wat langs die groot man gesit het, sinusprobleme, jy het maagprobleme. Dit is reg, meneer. Steek jou hand op, meneer. Ek sê julle wat dit veroorsaak, jy probeer 'n gewoonte los, tabak is 'n moeilike ding vir sinus, sou 'n moeilike ding wees vir maagprobleme. Aanvaar jy God om dit weg te neem, aanvaar, en glo jy dat Hy jou sal genees? Die Here God seën jou, dan. Gaan en ontvang dit soos jy geglo het.

Hê geloof.

156 'n Man net agter jou daar, wat na my kyk met 'n bril, het artritis, het ook probleme met die kop. As jy sal glo met jou hele hart, kan jy daarvan genees word.

157 Siende dat jy dit ook het, daar's 'n dame wat daar sit, wat afkyk na 'n kind, sy het ook probleme met haar kop. Dit is reg. Daardie is jou kleinkinders aan weerskante van jou. Korrek. Hou jou hand as dit waar is. Ek ken jou nie, ken ek? Jy's bewus dat daar iets aan die gang is. Een van jou kleinkinders wil gebed hê vir senuweeagtig wees, die ander een het 'n infeksie. As dit reg is, steek jou hand op. Albei van hulle is genees.

158 Almal van julle wat hartprobleme het, staan net 'n oomblik op julle voete, elke persoon met hartprobleme. Dis te veel om te

roep, jy kan hulle net nie vang nie. (Staan hier net 'n oomblik, ja, meneer.)

159 Kom. Ons suster ly aan 'n maagprobleem, veroorsaak deur senuweeagtigheid. Almal met senuweeagtigheid of maagprobleme, staan net 'n oomblik op julle voete, en bly net staan, elke persoon met senuweeagtigheid of maagprobleme. (Staan net hier.)

160 Jy het ook 'n maagprobleem gehad, so staan net hier, net ook dieselfde.

161 Glo jy, maak nie saak wat verkeerd is met jou nie?

162 Kom, suster. Jou probleem is in jou rug. Goed. Staan net hier. Almal met rugprobleme, staan op julle voete, net 'n oomblik, dis nier, ensovoorts.

163 Kan God nie daarbuite genees nie? Sien, daar's soveel van hulle wat ek hulle net nie kan noem nie, hulle het buite my bereik gekom. Jy glo, dis waarom jy gestaan het, jy glo.

164 Nou, die rede waarom ek julle gisteraand gesê het voor dit gebeur het: Hoeveel was hier gewees gisteraand, wat my hoor sê het: "Satan het een of ander kwaad gedoen, het 'n lokval vir my gestel, en ek weet nie hoe om dit te hanteer nie." Hoeveel onthou dit? Dit was die jong man en jong vrou wat daar gesit het. Om hulle te vervloek, sou hulle blind word of verlam wees; as ek stilbly, lewe hulle. Nou voor dit gebeur, spaar ek julle.

165 Julle mense glo dat God hier is. Nou aan julle wat siek is, buig julle hoofde net 'n oomblik vir gebed. Glo, julle hier, met julle hele hart, die Heilige Gees Wat naby is.

166 Ewige en Geseënde God, Wat gebrul het van Berg Sinai af, U Wat deur die Apostel Petrus gepraat het en vir Ananias en Saffira gesê het: "Waarom het julle dit aan die Heilige Gees gedoen?" Net omdat sy stem gespreek het, het een dood neergeval, en die ander een was binne 'n oomblik uitgedra. U is steeds God, maar U is vol genade, en dit is voorspel vir hierdie mense voor dit gebeur het, dat hulle mag weet dat U dienskneg die waarheid vertel.

167 Nou, Ewige God, wees genadig en skenk vanaand, dat soos die vyand hierdie jong paartjie ingestuur het, dat U hulle sondes sal vergewe, dat hulle nie benadeel sal word nie, maar U hulle sal vergewe. Jy het gekom om die lewe van mense te spaar, maar die Heilige Gees het Sy seëninge gestuur om die mense net so te genees, U genade het dit oorkom.

168 Maar nou, die mense sal weet, en die jong paartjie weet dat ek niks te doen het met hulle wat hiernatoe gekom het nie, maar die vorige aand vertel het dat hulle hier sal wees.

169 Nou, Here God, bid ek tot U, om genadig te wees teenoor diegene wat staan, wat siek en beproef is. Mag die groot Heilige Gees net nou in hulle harte inkom, in hulle liggame in, en hulle laat weet dat die God Wat in die Nuwe Testament gelewe het,

vanaand lewendig is, dat dit voorspel is, dan gebeur, en alle dinge word volmaak en waar gedoen deur die Heilige Gees. Ons het dit so gevind, en ons het U lief, Here Jesus, omdat U ons liefgehad het en ons gewas het in U Bloed, en ons U kinders gemaak het. Dankie, Vader, vir hierdie dinge.

170 En ons bestraf nou die duiwel van siekte van die mense, dat hy van hulle af sal weggaan en hulle almal gesond gemaak kan word, in die Naam van die Here Jesus Christus.

171 Almal wat glo en julle genesing van God aanvaar, staan net nou op julle voete, soos julle aanvaar, sonder 'n sweempie twyfel, in jou hart voel dat God jou genees het. Hoe jy God behoort te dank!

172 Die Bybel het gesê, toe iets soos hierdie in die Bybelse tyd plaasgevind het, het daar vrees op al die mense geval dwarsdeur die streke. Wat dink julle vanaand? As jy 'n sondaar is, as jy 'n ongelowige is, nooi ek jou hier na hierdie platvorm toe, na die preekstoel toe, om jou lewe aan Christus oor te gee. Kom nou. Laat elke mens, as jy glo dat God my gebed hoor en die siekes en beproefdes genees, wat elkeen op hulle voete dit aanvaar het . . .

173 Dame, wat van jou? Daar's iets verkeerd met 'n kreupele, of iets daar. Glo jy God het jou gesond gemaak, en jy sal nie meer hoef aan te gaan op jou stokke nie? Jy glo? Dan kan jy kry waarvoor jy gevra het. Goed, God seën jou. Jy's nou op jou voete om te bly as jy dit sal glo.

174 Nou, aan julle mense wat wil, Jesus Christus om julle nou genadig te wees, nou in die uur van julle dood, sal julle hier na die platvorm toe kom, terwyl ons die lied *Amper Oortuig* sing? Goed. God seën jou. Goed sanger:

"Amper oortuig" nou om te glo;
"Amper oortuig" Christus te ontvang;
Lyk nou of 'n siel sê: "Gaan, Gees, gaan op U pad;
'n Ander, meer geleë dag, sal ek U aanroep."

"Amper oortuig" . . .

175 Maak net julle plekke reg hierrond om te staan as berouvolle mense wat kom om Christus te ontvang, "Wie ook al wil, het gekom." Katoliek, Protestant. Hier staan Katoliek en Protestant, maak geen verskil nie. Ons vra julle nie om julle kerke te verander nie, ons vra jou, in die Teenwoordigheid van God, as Sy dienskneg, en jy getuig van hierdie dinge.

Lyk nou of 'n siel sal sê . . .

Moenie jou dag van genade wegsondig nie.

". . . Gees gaan op U pad;
'n Ander, meer geleë dag, sal ek U aanroep."

176 Laat ons nou ons hoofde buig, eerbiedig in gebed. Hy Wat die aarde geskape het, Hy Wat Jesus uit die dood gebring het, en die belofte gemaak het dat Sy, die Gees van Sy Wese in Sy Kerk sou woon, totdat Hy weer kom! Daar behoort nie, een sweempie twyfel in julle harte agtergelaat te word nie. As daar is, is julle beslis vervloek deur God. As jy onder hierdie kan staan en steeds nie glo nie, God wees genadig.

177 Julle wat hier by die altaar staan, maak nie saak aan watter kerk julle behoort nie, Protestant of Katoliek, dit het niks daarmee te doen nie, kyk na die mense wat genees is, ek glo nie daar is een waarvan ek weet, wat nie op hulle voete gestaan het, wat dit nie hulle genesing aanvaar het nie. Julle het gesien wat gebeur het by die platvorm, en net so seker as wat jy dae tevore vertel kon word, weke tevore, maande tevore, dit word nou vertel van 'n genesing. As Hy weet wat was, weet Hy wat sal wees; Hy ken die toekoms en kan dit vertel, Hy's God. Jy's in Sy Teenwoordigheid; God wees jou nou genadig. Bid julle en bekeer julle, vra vir God om julle te vergewe en julle van Sy genade te gee, ek is seker Hy sal.

178 En as daar enigiemand anders is wat graag wil kom op hierdie tyd, ons sê nie vir julle om na sekere kerke toe te gaan nie, ons wil hê jy moet na enige kerk toe gaan wat jy wil, maar ons wil hê jy moet nou kom. As jy veroordeel voel in jou hart, dat jy inkom en verkeerd was, dat jy gesondig het en gedoen het wat verkeerd is, die altaar is oop vir jou belydenis aan God, nie vir my of vir enige ander mens nie, maar vir God. Kom en vra om vergifnis, Hy's hier in groot genade om die siekes te genees en die sondaar te vergewe.

179 As daar nog een is terwyl ons saggies sing, nog een keer, 'n lied, hierdie vers . . .

"Amper oortuig" nou om te glo;
"Amper oortuig" Christus te ontvang.

180 Sal julle dit sing? En as julle graag wil kom, bid en net die Heilige Gees vra . . . Dis nie nodig dat ek vir julle sê Hy's, Hy, hier nie, julle weet Hy is. Laat ons nou sing, met julle hoofde gebuig, in gebed, terwyl ons die lied sing.

"Amper oortuig" kom, kom vandag;
"Amper oortuig" Christus te ontvang,
"Amper" kan nie help nie; "Amper" is om te faal!
Hartseer, hartseer, daardie bitter geween:
"Amper—maar verlore!"

Mag ons dit nou neurie.

181 O Here God, ons staan in ontsag, selfs myself, ek wonder, ek is verbaas oor U genade, hoe goed en heilig U is, hoe lankmoedig en teer genade kan uithou. Ek . . . Dit verstom my. Soos die digter gesê het: "Onuitspreeklike genade!" Ons het

U lief, Dierbare God. "Vergewe ons ons skulde, soos ons ons skuldenaars vergewe." En vrylik uit ons hart uit, vergewe ons al ons skuldenaars, dat ons sondes uitgewis kan word. Neem ons ongeregtigheid en begrawe dit in die see van vergetelheid van U Bloed. Skenk dit, Here. Seën hierdie mense wat wag. God, skenk dit.

182 Diegene wat hier staan en boete doen voor U, om te vra vir genade, omdat hulle weet dat hulle in U Teenwoordigheid is, O Ewige God, gee vir hulle vrede van hart, praat met hulle, gee hulle ondervindings soos U het in die Bybelse dae, want dit is waarlik Bybelse dae hier aan die einde van hierdie Heidense tydperk.

183 Spoedig kyk ons uit vir Jesus om te kom. Weet net nie wanneer dit sal wees, tot wanneer die hele wêreld in poeier sal gaan van 'n atoombom nie, of een of ander aanval wat geprofeteer is deur die profete, duisende jare gelede, dat die wêreld sou skud en brand met—met vuurgloed.

184 En ons vra, God, dat U ons genadig sal wees, en skenk, Here, dat elkeen wat berouvol staan by hierdie altaar, dat hulle sondes mag weg wees. Ek vra dit as U dienskneg, wat staan tussen die lewende en die dooie, ek vra hulle sondes en ongeregtigheid om mee weggedoen te word.

185 Ek mag dalk nooit in staat wees om hulle hand te skud op hierdie aarde nie, maar ek sien uit na daardie tyd, as ek getrou sal lewe. Hulle is die trofeë van U Teenwoordigheid vanaand. U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom trek nie. En almal wat kom, Ek sal hulle die Ewige Lewe gee, en hulle nie verwerp nie, maar hulle in die laaste dag oprig." En ons glo dit, en ons vra dit vir hierdie kinders van U wat berouvol is by die altaar. Mag-. . . daar was sommige hierbinne wat moes gekom het en nie het nie, wees hulle genadig, Dierbare God, en gee dieselfde vir hulle, bid ek.

186 Nou, as daar een oor is, enige plek, wat nie genesing aanvaar het nie, wat nie voel dat Christus hulle gesond gemaak het nie, mag hulle op hierdie tydstip so-iets ontvang.

187 En mag hierdie diens lank onthou word in die herinneringe, selfs van die kindertjies as Christus sal vertoef. Vertrou Here, dat U hierdie mense sal seën vir hulle pogings en alles wat hulle gedoen het. Ons vertrou hulle toe aan U, in die Naam van U Seun, die Here Jesus.

188 Met ons hoofde gebuig, gaan ek vra dat een van die pastore hier, Broer Sweet, nou vorentoe loop, soos julle julle hoofde gebuig hou, vir die afsluitingsgebed en wat hy ook al gekies het om te doen. Ek waardeer al julle opregtheid.

189 Hoeveel by die altaar, wat hier staan met julle hoofde gebuig, glo dat julle sondes vergewe is en hulle onder die Bloed van die Here Jesus is? Sal jy jou hand opsteek na Hom, en sê: "Here,

hierdie glo ek"? Die Here seën julle, ieder en elk langs die altaar. Hy faal nooit, Hy antwoord altyd gebed. Ek's so dankbaar teenoor julle.

190 God seën julle nou, terwyl ons ons hoofde buig, die diens oorgee aan Mnr. Sweet. 

58-0508 Die Verwagtinge
Gedenk Ouditorium
Burlington, Vermont V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org